HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nr. 11 van 2024

19 September 2024

Geagte Ouers/Voogde

ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE OUERS VAN HOËRSKOOL RANDBURG

Kragtens bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet word u hiermee in kennis gestel van bovermelde vergadering wat op 23 Oktober 2024 om 18:00 aanlyn sal plaasvind.

Verslag van werksaamhede van die Beheerliggaam vir die jaar 2024 sal aan ouers voorgehou word.

Die begrotingsvoorstel vir 2025 sal daarna voorgehou word en die vergadering sal versoek word om resolusies ten opsigte van skoolgelde vir 2025 te aanvaar.

Finansiële Jaarstate van 2023 is ter insae beskikbaar by die skool. Afsprake moet vooraf gemaak word.

U inskakeling as deel van 'n 10% kworum word by voorbaat hoog op prys gestel.

Reëlings in verband met die vergadering sal in die vierde kwartaal deurgegee word.

Groete

P. BOOYSEN: HOOF

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za